



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2012

MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 35 bladsye wat die rubriek insluit.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAGNOMMER	VRAAG	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. <i>Kringe in 'n Bos</i>	Opstelvraag	35 punte	4
OF			
2. <i>Kringe in 'n Bos</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	4
OF			
3. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	Opstelvraag	35 punte	7
OF			
4. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	8
OF			
5. <i>Meeulanders</i>	Opstelvraag	35 punte	11
OF			
6. <i>Meeulanders</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	11

OF**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord net EEN vraag.

7. <i>Poppie, die drama</i>	Opstelvraag	35 punte	15
OF			
8. <i>Poppie, die drama</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	15
OF			
9. <i>Paljas</i>	Opstelvraag	35 punte	18
OF			
10. <i>Paljas</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	19

OF**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord net EEN vraag.

11. <i>Die storie van Piet se oupa</i>	Opstelvraag	35 punte	23
OF			
12. <i>Rooi kombersie</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	23

OF**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord die vrae oor enige TWEE van die gedigte.

13. <i>Stad in die mis</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte	27
OF			
14. <i>Things that go bump in the night</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte	29
OF			
15. <i>Spore op die maan</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte	31
OF			
16. <i>Die hanswors</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte	33

NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat in AFDELING A, B en C altwee die vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor **dieselfde genre** beantwoord nie.)
- As 'n kandidaat meer as twee gedigte in AFDELING D beantwoord het, word die eerste twee gedigte nagesien. Trek 'n streep deur die laaste (twee) gedig(te).
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. sien dus die eerste antwoord na.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepepenseer nie, maar woordorde moet korrek wees. Woorde mag nie ingevoeg of uitgelaat word nie.
- Opstelvraag: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepepenseer nie omdat die kandidaat hom-/haarself gepepenseer het.
- As die opstel te lank is, laat 'n oorskryding van 'n maksimum van 50 woorde toe en ignoreer die res van die opstel.
- Kontekstuele vrae: As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepepenseer nie.
- By die nasien van die opstel word die punte soos volg aangedui:
(Kode) I: punt
(Kode) T+S : punt
Totaal: 35
- Halwe punte word as heel punte oorgedra na die voorblad. Indien die kandidaat volpunte vir gedigte kry, word punte oorgedra as 18 en 17 om 35 (totaal) te kry. Indien 'n kandidaat byvoorbeeld 6½ en 7½ kry, word punte oorgedra as 7 en 8.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EKSTEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EKSTEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is moet motivering daarby aansluit om die punt te verdien.

Nasien van WAAR/ONWAAR:

By vrae wat WAAR/ONWAAR vereis, word JA/NEE/VALS nie aanvaar nie

- WAAR/ONWAAR is KORREK= ✓ plus die rede/motivering/aanhaling is KORREK=✓.
- WAAR/ONWAAR is KORREK=✓, maar die rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = x
- WAAR/ONWAAR is VERKEERD/ONTBREEK = x, ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, druk die Engelse woord toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na.

AFDELING A: ROMAN**VRAAG 1: OPSTELVRAAG****KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:**Konflik tussen Saul en sy gesinslede**

Teenstrydige idees met sy pa oor behandeling van Saul se ma toe sy siek was.

- Saul het gemeen sy ma moes deur 'n dokter behandel word terwyl sy pa gevoel het dit was 'n "godsiekte" waarvoor mense geen beheer gehad het nie.
- Saul moes sy pa se besluit aanvaar.

Teenstrydige idees met sy pa oor die bewaring van die Bos

- Saul wou nie die kalendarboom kap nie.
- Saul het besef dat wat Harison (die natuurbewaarder) gesê het, reg was.
- Saul het vir sy pa gesê dat hy nie die boom wou kap nie, want hy het gevoel die boom was lewendig.
- Dit het Joram kwaad gemaak en hy het Saul met 'n stuk hout geslaan en hom verplig om te kap.
- Saul was bekommerd oor die toekoms van die Bos en die Bosmense.
- Hy het sy pa probeer waarsku oor die vernietiging van die Bos.
- Saul het die houtkappers as wurms wat 'n appel van binne vreet, beskryf.
- Dit het veroorsaak dat Joram vir Saul van die huis af weggejaag het.
- **Saul se bevraagtekening van dinge wat sy pa en ander Bosmense net aanvaar het, het konflik veroorsaak.**
- **Saul se lewensuitkyk, veral oor die bloubokkie se gal (wat verskil het van sy pa s'n), het konflik veroorsaak.**
- **Saul kon nie aanvaar dat sy pa voor MacDonald gekruip het nie.**
- **Saul het nie met sy pa en broer saamgestem oor die skiet van die olifante om hul inkomste aan te vul nie.**

Gouddelwery

- Saul het sy pa probeer oortuig om goud te delf in plaas van hout te kap.
- Dit het 'n groot botsing tussen hulle veroorsaak.
- Joram het gevoel dat hy 'n houtkapper was en 'n houtkapper moes bly.
- Joram het die goudbesigheid as onheilig beskou.
- Vir Saul was dit 'n manier vir sy gesin om uit die Bos en armoede te ontsnap.

Konflik met Jozef oor Oupoot

- Jozef se kind is deur 'n olifant getrap.
- Die Bosmense het geglo dit was Oupoot wat dit gedoen het.
- Jozef het Freek Terblans gevra om Oupoot dood te skiet.
- Saul was oortuig dat Oupoot dit nie gedoen het nie.
- Aan die einde van die verhaal het Saul vir Jozef gaan verduidelik dat dit nie Oupoot was wat Jozef se seun doodgemaak het nie.

Saul se “verraad”

- Saul het tydens Kersfees sy gesin gaan besoek.
- Jozef was vyandig teenoor hom en het vir Saul as 'n verraaier beskryf.
- Hy het Saul daarvan beskuldig dat hy vir Harison gaan vertel het dat hulle olifante geskiet het.
- Saul het dit ontken, maar Jozef het hom nie geglo nie.

Konflik tussen Saul en die delwers

- Die ontdekking van rifgoud het baie delwers gelok.
- Saul was ongelukkig oor die vernietiging van die Bos/skiet van olifante deur die delwers.
- Die delwers het bokke en loeries doodgemaak en skedels aan kalenderbome vasgespyker.
- Hulle het die beste bome gekap om vuur mee te maak.
- Saul het 'n paar bangmaakstories oor olifante aan die delwers vertel sodat hulle die Bos verlaat.
- Hy het soms met die delwers oor bewaring gepraat en soms het hy hulle gedreig.
- Saul het 'n beeshoring gebruik om die delwers bang te maak en weg te jaag.

Saul se innerlike konflik

Die tradisionele geloof van die Bosmense

- Toe Saul op veertienjarige ouderdom geleer het dat die bloubokkie se gal nie in sy kop was, soos hy deur die Bosmense geleer is nie, het Saul nie meer geweet wat waar was nie.
- Dit het hom geleer om nie alles wat mense vir hom gesê het, as die waarheid te aanvaar nie.
- Dit het Saul 'n opstandeling gemaak. Dit het verhoudings met sy familie en die Bosmense negatief beïnvloed.

Oupoot

- Saul was baie lief vir Oupoot.
- Saul wou nie toelaat dat Oupoot op 'n onmenslike en vernederende manier deur Freek Terblans doodgeskiet word nie.
- Saul het besluit om Oupoot self te gaan doodskiet.

- Terwyl hy dae lank Oupoot se spoor gevolg het, het hy begin beseef dat dit vir hom onmoontlik sou wees om sy dierbroer dood te maak.
- Saul het innerlike konflik beleef toe hy moes kies of hy Knysna finaal gaan verlaat of eers na Oupoot moes gaan soek om hom te skiet voordat Oupoot deur Terblans geskiet wou word.

Kate

- Saul was verlief op Kate.
- Haar besoeke op Sondae aan hom terwyl hy vir MacDonald gewerk het, was die rede hoekom hy die slegte werkstoestande verduur het.
- Dit was vir hom moeilik om sy liefde vir haar te verklaar, want haar ouers was teen die verhouding gekant.
- Nadat Kate van die Kaap af teruggekom het, het Saul hard probeer om sy gevoelens vir Kate te onderdruk.
- Aan die einde het Kate die erf gekoop sodat Saul in Knysna kon agterbly.
- Saul het innerlike konflik beleef toe hy moes kies tussen sy liefde vir Kate of sy begeerte om MacDonald se skuur en later ook Knysna, te verlaat.
- Saul moes kies tussen sy liefde vir Kate en sy familie se oorlewing.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee

- 2.1
- Op MacDonald se (hout)werf.
 - By die skuur (op MacDonald se houtwerf).
(Enige EEN) (1)
- 2.2
- Hy moes namens sy pa vir 'n "goodfor" (koopbewys) gaan vra.
 - Om vir MacDonald sekere benodighede te vra (koffie, suiker, meel en tabak).
(Enige EEN) (1)
- 2.3
- A
 - A engel
 - engel
(Enige EEN) (1)
- 2.4
- D
 - D vir hom gelag
 - vir hom gelag
(Enige EEN) (1)
- 2.5
- Hierdie lieg storie oor die olifant tande het Saul ontstel.
 - Enigiets negatief oor olifante het Saul ontstel.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 2.6
- Kate was liggelowig.
 - Kate was onskuldig/naïef.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.7
- Die grootmense het gesê die bloubokkie se gal sit in sy kop.
 - Toe Saul eendag 'n bloubokkie gevang en geslag het, het hy nie die gal in die bokkie se kop gekry nie.
 - Die ouer mense het òf vir hom gelieg, òf hulle het self die leuen geglo.
(DRIE sinne) (3)
- 2.8
- 'n Mens moenie alles glo wat mense vir jou sê nie.
 - Selfs volwassenes kan verkeerd wees.
 - Dis belangrik om self uit te vind wat die waarheid is.
 - Dit is belangrik om dinge te bevraagteken.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.9
- Ja.
- MacDonald het vir die houtkappers leuens vertel oor die gehalte van die hout wat hulle gebring het.
 - MacDonald sou die houtkappers se hout as derdeklas beskryf (terwyl dit eerste klas was).
 - MacDonald het gelieg oor hulle skuld.
 - MacDonald het hulle nie 'n billike prys vir die hout betaal nie.
(Enige EEN of soortgelyk MOTIVERING verdien die punt.) (1)
- 2.10
- MacDonald het gesê/gedink dat die Bosmense en hulle kinders vuil/wild was.
 - MacDonald het op hulle neergesien.
(Enige EEN) (1)
- 2.11.1 ryk (1)
- 2.11.2 arm (1)
- 2.11.3 nuuskierig (1)
- 2.11.4 skaam (1)
- 2.12
- Nee.
- Saul het dinge van die Bos en van olifante geweet waarvan Kate niks geweet het nie.
 - Saul was nie dom nie – hy was lewenswys (by sy ouers sekere dinge geleer).
 - Skoolgaan maak nie van jou 'n beter mens nie.
- OF
- Ja.
- Saul kon nie Engels lees en skryf nie.
(Enige EEN of soortgelyk MOTIVERING verdien die punt.) (1)

- 2.13 MacDonald het Saul gevra om vir hom te kom werk. (1)
- 2.14 Kate het Sondae (skelmpies) by hom gaan kuier. (1)
- 2.15
- Sy het slegte nuus gekry.
 - Sy was hartseer/geskok (omdat sy Kaap toe moes gaan).
 - Sy het gehoor sy moes Kaap toe gaan.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.16 Charles Dickens (1)
- 2.17
- Saul is nie in 'n openbare plek/die biblioteek toegelaat nie.
 - Al was dit 'n plek vir die publiek, is die Bosmense nie daar toegelaat nie.
 - Hy was 'n Bosmens.
(Enige EEN) (1)
- 2.18
- Hy wou keer dat daar 'n verhouding tussen Kate en Saul ontwikkel.
 - Hy wou hulle ontmoetings elke Sondag beëindig.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.19
- Arend het gesterf.
 - Saul het besef hoe onmenslik MacDonald was.
(Enige EEN) (1)
- 2.20
- Kate behoort nie van haar probleme weg te hardloop nie.
 - MacDonald sou Saul doodgemaak het.
(Of soortgelyk) (1)
- 2.21.1 Onwaar. (1)
- 2.21.2 Kate het teruggekeer om in Meulbos/die Bos skool te hou/om as onderwyseres te werk. (1)
- 2.22.1 B Jane (1)
- 2.22.2 E James Stewart (1)
- 2.22.3 D Maska (1)
- 2.22.4 C Beth (1)
- 2.23 'n Tekening/skildery van Oupoot (1)
- 2.24 Mev. MacDonald se bloed was nie so koninklik soos wat sy voorgegee het nie. (1)
- 2.25.1 Waar (1)
- 2.25.2 Sy het 'n erf gekoop wat Saul nodig gehad het om 'n besigheid te begin. (1)

[35]

VRAAG 3: OPSTELVRAAG***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver*****Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:**Sharon se aankoms by die berghuis**

- Sharon het self gevra of sy 'n deel van die wittebrood met die gesin kon deel.
- Sharon se pa het haar met 'n splinternuwe donkerblou 4 x 4 gebring.
- Die kar het eerder soos 'n straalvliegtuig as 'n kar geklink.
- Met die uitklimslag het Sharon gesê: "Wow! Dis fantasties."
- Die hele gesin het by die voordeur uitgepeul om Sharon te ontmoet.
- Sharon se pa het gedink die pad was senutergend, maar sy het gesê sy was mal oor die pad.
- Sharon se pa was paniekbevange toe hy gehoor het dat daar nie selfoonopvangs was nie.
- Beyers het gesê hulle sou kontak maak as hulle inkopies gaan doen.
- Beyers het belowe dat as iets gebeur, hulle Sharon se pa sou laat weet.
- Sharon het gesê: "Moenie worry nie, Pops, ek sal oukei wees."

Sharon se ervaring van die berghuis

- Sharon het vir Hanna gesê die toilet is glad nie so erg as wat sy gedink het nie.
- Sharon het gedink die berghuis sou 'n buitehuisie met 'n longdrop hê, maar daar was 'n outydse toilet langs die kombuis met 'n ketting wat jy kon trek.
- Sharon was gefassineerd deur die toilet.
- Sharon was beïndruk dat daar 'n badkamer was; sy het gedink hulle gaan in 'n koue bergstroom was.
- Sharon wou graag ook sien waar sy en Hanna gaan slaap.
- Hanna het gedink dat Sharon na 'n paar dae saam met die gesin op die berg nie meer sou dink dat hulle gesinslewe opwindend was nie, maar Sharon het dit heelyd geniet.

Sharon se interaksie met Yann en Hanna

- Sharon het nog altyd gedink Hanna se gesinslewe was opwindend.
- Hanna was soms sarkasties teenoor Sharon as sy opgewonde geraak het oor iets wat in die gesin gebeur het. Dit het Sharon seergemaak.
- Sharon en Hanna het skottelgoed gewas, tafel gedek, ens.
- Sharon het heelyd probeer om vir Hanna die mooi en positiewe van haar gesin uit te wys, maar Hanna het negatief reageer.
- Sharon het vir Hanna gesê dat Hanna partykeer net soos Mana was.
- Sharon het haar in 'n grap Ou Hanna Heks genoem.

- Sharon was deel van die verrassing wat hulle vir Hanna met haar verjaarsdag gereël het.
- Sharon het die skinkbord gedra, vir Hanna 'n klapsoen gegee en het vir Hanna 'n grimeerstelletjie gegee.
- Sharon het vir Hanna aangemoedig om haar swart cashmere aan te trek, want Gavin sou mal wees daaroor.
- Sharon en Margot het vir Hanna mooi gemaak vir die ete wat Gavin sou voorberei.
- Sharon het Hanna se hand vasgehou toe die baba gebore is.
- Sharon en Hanna was Margot se helpers toe Mana se baba gebore moes word.
- Alles wat Yann gedoen het, het vir Sharon beïndruk.
- Yann en Sharon het goed oor die weg gekom; hy het met haar grappies gemaak en Sharon kon hom terg.
- Yann het vir Sharon 'n kompliment oor haar voorkoms gegee, wat haar baie gelukkig gemaak het.
- Yann het selfs gesê dat Sharon hom sou inspireer om goed te teken.
- Na 36 uur saam het daar 'n mooi verhouding tussen Yann en Sharon ontwikkel.
- Sharon het saam met Yann, Tibo en Amos na al Margot se stories oor Amerika gesit en luister.
- Sharon en Yann het vir die res van die aand na Gavin se spesiale ete saam gedans.
- Met die konsert het Sharon en Yann saamgewerk aan 'n item; Hanna was jaloers hieroor.
- Margot het gesê Sharon laat haar aan Julia Roberts dink en Yann het gesê dat daar nogal 'n ooreenkoms was.
- Sharon was opgewonde om vir nog 'n dag saam met Gavin, Hanna, Yann, Tibo en Amos op die berg te kon agterbly.
- Die mense wat agtergebly het, het partytjie gehou en Sharon het met haar kop teen Yann se skouer geleun.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

- 4.1
- Mana het nie van die tradisionele manier van dinge doen, gehou nie.
 - Mana was nie 'n doodgewone ma nie.
 - Mana was ongewoon/anders as ander ma's.
 - Mana was nie normaal nie.
 - Mana was eksentriek.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.2.1 Gavin/(Haar) gay woonstelmaat. (1)
- 4.2.2
- Met 'n proefbuis/Tibo is met skenkersperm geskep/vervaardig/gemaak.
 - Hy was 'n proefbuisbaba.
 - Hy is deur kunsmatig bevrugting geskep. (1)

- 4.3 Dit/Ditjie. (1)
- 4.4
- Hanna was nuuskierig/weetgierig.
 - Hanna het altyd alles (kan iets spesieks wees) bevraagteken.
 - Hanna wou antwoorde oor alles in die lewe gehad het.
 - Daar is baie onbeantwoorde vrae in (Hanna se/die) lewe.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.5
- A
 - A hulle mekaar beter moes leer ken.
 - hulle mekaar beter moes leer ken.
(Enige EEN) (1)
- 4.6
- C
 - C Botterberg
 - Botterberg
(Enige EEN) (1)
- 4.7.1 Onwaar (1)
- 4.7.2 Gavin was vir 'n modeskou in Kaapstad (wat naby was en daarom kon hy vir Hanna se verjaarsdag kom). (1)
- 4.8
- Daar was 'n halfbroer.
 - Tibo was 'n proefbuisbaba.
 - Daar was stiefbroers.
 - Hanna het 'n stiefpa gehad.
 - Hanna se eie pa was gay gewees.
 - Daar was 'n halvesussie op pad.
 - Dit is 'n gesin met drie/verskillende "pa's".
(Enige TWEE) (2)
- 4.9
- Yann het vir Hanna 'n pen vir haar verjaarsdag gegee (wat wys dat hy begrip het vir haar skryftalent).
 - Yann was aan haar kant toe die tweeling haar boek gelees het.
(TWEE aanduidings) (2)
- 4.10
- Hanna het gedink dat Beyers die beste ding was wat nog in Mana se lewe gebeur het.
 - Hanna het gedink Beyers was 'n wonderlike/goeie man.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.11 mode-ontwerper (1)
- 4.12
- Gavin het op die tafel gedans.
 - Hy het soos 'n popster opgetree.
(Enige EEN) (1)

- 4.13.1 Waar/Onwaar (1)
- 4.13.2 Waar:
- Aan die einde het haar lewe al meer soos Fabienne se lewe begin lyk.
 - Hanna het toe ook 'n sussie gehad soos Fabienne.
 - Die verhouding tussen Sharon en Yann het ooreenkomste getoon met die verhouding tussen Fabienne en Jan.
 - Die verfkwasvrou het ooreenkomste getoon met Mana.
 - Hanna en Fabienne was albei by tye ongelukkig oor hulle gesin.
- OF
- Onwaar:
- Hanna het Fabienne se lewe 'n idilliese lewe gemaak. (1)
 - Fabienne het 'n doodnormale gesin en lewe gehad.
(Enige EEN of soortgelyk)
- 4.14.1 B Mana (1)
- 4.14.2 D Hanna (1)
- 4.14.3 A Gavin (1)
- 4.14.4 C Beyers (1)
- 4.15.1 speletjie (1)
- 4.15.2 oefening (1)
- 4.15.3 konsert (1)
- 4.15.4 partytjie (1)
- 4.16 Die reën het hulle op die berg vasgekeer. (letterlik) (1)
- 4.17 Hanna wou nie saam met haar gesin met vakansie wees nie. (figuurlik) (1)
- 4.18
- Hanna het uitgesluit gevoel.
 - Hanna het sleg/ongelukkig gevoel.
 - Hanna was jaloers op hulle verhouding.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.19
- Margot het haar twee seuns net so gelos en Amerika toe gegaan.
 - Margot het byna nooit kontak met haar seuns gehad nie.
 - Margot het nooit haar beloftes teenoor haar seuns nagekom nie.
(Enige EEN) (1)

- 4.20 Nee
- Margot het net water met suurlemoensap gedrink.
 - Sy het baie van die kos nie geëet nie.
 - Margot het baie fiemies gehad.
(Enige EEN of soortgelyk. **MOTIVERING verdien die punt.**) (1)
- 4.21 Hulle het 'n helikopter gebring (om die gesin te kom red). (1)
- 4.22 Margot moes (Johannesburg toe) gaan vir haar rol in 'n **TV-reeks**. (1)
- 4.23
- Beskermend
 - Liefdevol
 - Positief
 - Goed
 - Gelukkig
- (Enige houding of gevoel wat op aanvaarding en beskerming/positiwiteit dui.) (1)
- 4.24 Ja. Hulle het begin om dinge saam te doen (soos speletjies gespeel, konsert gehou, ens.)/Die gesin het saam pret gehad.
((Enige EEN of soortgelyk. **MOTIVERING verdien die punt.**) (1)
- [35]**

VRAAG 5: OPSTELVRAAG

MEEULANDERS – Esta Steyn

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:

Hoekom Ryna op Meeuland gaan bly het

- Ryna het 'n baie traumatiese ervaring/ondervinding gehad.
- Haar man het by dwelms betrokke geraak.
- Haar man het haar nie ingelig oor hulle finansiële probleme nie.
- Haar man het na bewering hulle huis aan die brand gestee.
- Haar man het na bewering eers hul seun en toe homself geskiet.
- Haar man en hulle seun het in die huis doodgebrand.
- Ryna is in 'n inrigting vir sielsiektes (Silkwood kliniek) opgeneem.
- Professor van Keulen het dit goed gevind om haar Meeuland toe te stuur.
- Sy moes navorsing op die eiland gaan doen.
- Sy moes die voëls op die eiland gaan bestudeer, sketse van hulle maak en 'n boek skryf.
- Sy het besluit om haar tweede naam en nooiensvan te gebruik, sodat sy 'n afstand tussen haar en haar ou lewe (en die pyn) kon skep.

Hoe Ryna se ervarings op die eiland haar lewe beïnvloed het

- Ryna was gewoon aan 'n luukse lewe in die stad, maar op Meeuland moes sy na die eenvoud van die lewe terugkeer.
- Sy moes met die minimum en die basiese tevrede wees.
- Sy moes in 'n stadium self haar water en hout van buite af na die huis toe aandra.
- Ryna moes Jacob met die ondersoek van die malgasse help.
- Toe sy die malgasse sien broei, het sy besef dat daar wel redes is om te leef.
- Sy het in die waarnemingsproses baie van die natuur geleer.
- Sy het die ewewig in die natuur en die lewe leer ken.
- Sy het ook besef dat net die sterkstes in die natuur oorleef.
- Jannerik het haar geleer om 'n boom te plant, sodat haar pyn in die boom se takke kon ingroei.
- Sy het gehuil toe sy Jacob se verduideliking van die wonder van die natuur hoor.
- In die verwondering van die natuur het Ryna genesing van al haar pyn gevind.
- Sy het weer in noue kontak met haar God begin leef.
- Op die eiland het Attie, wat op haar verlief was, haar weer van haarself as vrou bewus gemaak.
- Sy moes die versorging van Janka oorneem nadat Elsabet na Janka se geboorte depressief geraak het.
- Ryna het moederskap ervaar deur vir Janka te sorg.
- Ryna het vir Janka Mama-Meeu geword
- Ryna se verhouding met Jacob het haar weer heel gemaak.
- Ryna het weer haarself, geluk en vrede op die eiland gevind.
- Sy het ook besef dat sy as Camilla, dit nooit sou ervaar en verwerk het nie.

Wat die redes was waarom Ryna nie van die eiland af kon weggaan nie

- Ryna se lewe het nou verweef geraak met dié van die mense op die eiland.
- Sy het weer redes gevind om te leef.
- Jannerik het in haar 'n moederfiguur gevind, daarom kon hy sy pyn met haar deel.
- Ryna het ook 'n anker vir Elsabet geword terwyl sy nog op die eiland was.
- Later het Ryna besef dat sy Janka liefhet en haar nie sommer aan haar eie genade, of dié van Jacob en Jannerik, kon oorlaat nie
- In die proses het sy ook vir Jacob leer liefkry.
- Ryna het verantwoordelik gevoel vir Janka.
- Ryna het vir Janka versorg en opgepas terwyl Elsabet weg van die eiland af was.
- Nadat Jacob vir die dood van Skalla gevonnissen is, het sy besluit dat sy deur die seisoene heen vir Jacob sou wag.
- Selfs al moes hulle die eiland weens 'n besluit van die regering verlaat, het sy besluit sy en Jacob sou eendag terugkeer om te sien hoe groot hulle wildevyboom gegroei het.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**MEEULANDERS** – Esta Steyn

- 6.1 Kinnie was dood/het gesterf. (1)
- 6.2
- A
 - A geskok
 - geskok
(Enige EEN) (1)
- 6.3
- Hy het beseft sy sonde het hom ingehaal.
 - Hy was bang die waarheid oor wat hy aan Kinnie gedoen het, gaan uitkom.
 - Hy het nie geweet hoe om die situasie reg te stel nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.4.1 Waar (1)
- 6.4.2
- Hy het 'n rol note (geld) in haar hand gestop.
 - Hy het haar betaal.
 - Hy wou nie weer daarvan hoor nie.
(Enige EEN) (1)
- 6.5 skelm/agterbaks/intimiderend/dreigend (1)
- 6.6.1 Skalla het Fred afgepers. (1)
- 6.6.2 Sheila het selfmoord gepleeg. (1)
- 6.7
- Dit was verkeerd om Kinnie te misbruik/verkrag.
 - Dit was verkeerd van Fred om vir Kinnie geld aan te bied om stil te bly.
 - Dit was verkeerd, want Fred was 'n getroude man.
 - Dit was verkeerd, want Kinnie het vir hom gewerk.
 - Dit was verkeerd, want Fred was baie ouer as Kinnie.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 6.8 vrouejagter (1)
- 6.9.1 C Ryna (1)
- 6.9.2 A Sheila (1)
- 6.9.3 D Jackie (1)
- 6.9.4 B Elsabet (1)
- 6.10.1
- Fred het beseft dit is sy plig om sy kind te onderhou.
 - Fred wou nie Janka se lewe ontwig nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 6.10.2 Nee.
Janka het net vir Jacob as pa geken.
Fred sou nie vir Janka stabiliteit gegee het nie.
Janka sou ontuis in Fred se huis gevoel het.
- OF
- Ja. (1)
'n Kind behoort by sy/haar ouer(s) te bly.
(Enige EEN of soortgelyk. MOTIVERING verdien die punt.)
- 6.11
- D
 - D Ryna
 - Ryna
(Enige EEN) (1)
- 6.12
- Doreen het nooit iets verkeerds gedoen nie.
 - Niemand kon nog iets verkeerd van Doreen sê nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.13 Haar lewe was so voorspelbaar/saai/oninteressant. (1)
- 6.14 Jason Peters/die skoolhoof/Mnr. Peters (1)
- 6.15 skok/verbasing (1)
- 6.16 Doreen moes haar gevoelens vir Jason stop/onderdruk/keer. (1)
- 6.17
- Ant Ousanna **het gewee**t (watter gevoelens Doreen vir Jason gehad het).
 - Ant Ousanna **het** die waarheid **geken**.
(Enige EEN) (1)
- 6.18.1 Waar (1)
- 6.18.2 Sy het wel gevoelens vir Jason Peters, die skoolhoof, gehad. (1)
- 6.19
- Jason het vir Doreen parfuum vir haar verjaarsdag gegee.
 - Jason en Doreen het mekaar gesoen.
 - Mary, Jason se vrou, het hulle betrap.
(DRIE feite) (3)
- 6.20.1 roekeloos (1)
- 6.20.2 kalm (1)
- 6.20.3 jammer (1)
- 6.20.4 woedend (1)

6.21	Sy het (uit haar pos as skooljuffrou/onderwyseres) bedank.	(1)
6.22	Sy het studeer/haar graad voltooi.	(1)
		[35]
	TOTAAL AFDELING A:	35

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord EEN van die volgende vrae.

VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***POPPIE, DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:

Stone se rol in Poppie se lewe

- Poppie het Stone as sestienjarige ontmoet.
- Stone het op hierdie stadium by sy broer in Lambertsbaai gekuier.
- Stone het op Poppie verlief geraak.
- Na die verlowing het hy lobola vir Poppie betaal.
- Poppie en Stone het 'n tradisionele troue gehad (twee dae).
- Omdat sy met Stone getroud was, moes sy Lambertsbaai gedwonge verlaat en saam met hom in die Kaap gaan bly.
- Stone het vir hulle 'n tweeslaapkamerhuisie in Jakkalsvlei gebou.
- Stone het Poppie aan sy wêreld (Herschel) bekendgestel.
- Hy het haar ook vir die eerste keer laat bus ry.
- Hulle het saam kinders gehad.
- Stone was 'n trekarbeider en moes nie in die Kaap gewerk en gebly het nie.
- Stone het as kontrakwerker by 'n melkery in Philippi werk gekry.
- Stone het siek geword en Poppie het hom hospitaal toe geneem.
- Poppie het Stone net naweke, vir kort tydies besoek (a.g.v. haar werksure).
- Die regering het Poppie verplig om Ciskei toe te trek.
- Poppie het 'n huis in Mdantsane by die regering gekry.
- Stone het in 'n hostel vir trekarbeiders gebly.
- Stone het eers na twee jaar vir sy gesin in Mdantsane gaan kuier.
- Stone het siek geword en doodgegaan.
- Na Stone se dood het Poppie ontdek dat Stone al sy geld vir sy gesin gegee het en niks vir homself gekoop het nie.

- Daarna is sy verplig om terug te keer Kaap toe sodat sy meer geld kon verdien om vir haar kinders te sorg.
- Stone het homself vir sy vrou en kinders opgeoffer.

Jakkie se rol in Poppie se lewe

- Poppie was die liefste vir Jakkie.
- Jakkie is Poppie se halfbroer.
- Poppie moes op negejarige ouderdom die skool verlaat om Jakkie en die ander kinders op te pas.
- Jakkie het vir Poppie kwaad gemaak toe hy saam met die ander kinders vir Plank gelag het (toe die polisie hom in die hoenderhok gekry het).
- Poppie was ontsteld toe Jakkie in opstand teen die onderdrukkende wette gekom het.
- Jakkie was kwaad oor die wet wat dit so moeilik vir Poppie gemaak het om 'n pas te kry.
- Jakkie het vir Poppie gesê dat die ouer mense klaar moeg was en nie meer vir oorlewing wou veg nie.
- Jakkie het vir Poppie gesê dat hy vir haar en haar kinders veg.
- Jakkie sou om hierdie rede nie ophou geveg het voordat die lokasie soos 'n tronk lyk nie.
- Jakkie was kwaad dat Poppie Mdantsane toe moes gaan.
- Jakkie was verskeie kere in die tronk en dit het Poppie ontstel.
- Die CID het eenkeer vir Poppie by haar werkplek gaan ondervra om uit te vind waar Jakkie was nadat hy gevlug het.
- Jakkie het na Bonsile in Mdantsane gevlug.
- Jakkie het toe vir Bonsile gevra om hom te help om na Basoetoeland te vlug.
- Poppie het aanvaar dat haar kinders, wat sy teen die geweld probeer beskerm het, sonder keuse by die geweld ingesleep is as gevolg van Jakkie.

Bonsile se rol in Poppie se lewe

- Bonsile was Poppie se tweede kind.
- Hy het al vroeg probleme begin gee.
- Hy wou op sestienjarige ouderdom by sy pa in die Kaap gaan bly toe Poppie Mdantsane toe moes gaan.
- Hy was ontevrede toe hulle in Mdantsane aangekom het en het in die kamer gaan lê en het nie gehelp intrek nie.
- Bonsile het snags laat rondloop en was 'n groot bekommernis vir Poppie.
- Bonsile het 'n weeskind op skool swanger gemaak.
- Die pleegouers het "damage"-geld vir die swangerskap by Poppie kom vra.
- Bonsile kon nie vir Vukile, sy baba, gesorg het nie, want hy was op skool.
- Na Stone se dood het Poppie vir Vukile saam met haar Kaap toe geneem.
- Poppie sou vir Vukile 'n beter lewe gee al het dit beteken dat haar eie kind moes agterlaat.
- Poppie het haarself verwyt dat haar kinders ook by die opstande betrek is.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG**POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

- 8.1 Upington (1)
- 8.2.1
- Haar ma het op De Aar gaan werk.
 - Haar eie pa het nie vir haar gesorg nie.
 - Haar pa was oorlog toe.
(Enige EEN) (1)
- 8.2.2
- (Haar ouma het vir haar die) Xhosa-geloof/tradisies (geleer).
 - (Haar ouma het haar geleer) Xhosa (praat).
(Enige EEN) (1)
- 8.2.3 Hy het gesê Ouma het vir Poppie goed grootgemaak. (1)
- 8.3.1
- Om te spot met dronk mense.
 - Hulle mag nie vir oom Pengi gelag het as hy dronk was nie.
(Enige EEN) (1)
- 8.3.2 Ouma het met hulle baklei/hulle geslaan. (1)
- 8.4.1
- Ouma het graag saam met hulle kerkliedjies/*Jerusalem/Guide me O Great Jehovah* gesing.
 - Sy het hulle kerk toe laat gaan.
 - Ouma was 'n kerkmens.
 - Ouma het spesiaal Upington toe getrek omdat daar kerke en skole was.
(Enige EEN) (1)
- 8.4.2
- Sy het die kinders gemotiveer om Xhosa te praat.
 - Sy het geraas as hulle nie Xhosa gepraat het nie.
(Enige EEN) (1)
- 8.5
- Hulle moes hulle kinders alleen (sonder mans) grootmaak.
 - Hulle altwee se mans is dood.
 - Hulle moes rondtrek (sodat hulle kinders kon skoolgaan).
 - Hulle het hulle kleinkinders op hulle rûe gedra.
 - Hulle kinders moes grootmense respekteer.
 - Albei was godsdienstig.
 - Albei het ma Lena se kinders opgepas.
 - Skool was vir albei baie belangrik.
(Enige DRIE) (3)
- 8.6
- Poppie het nie 'n pas gehad nie.
 - Tydens ouma Hannie se jare was daar nie paswette nie.
(Enige EEN) (1)
- 8.7 tyd in die natuur deurgebring. (1)

- 8.8
- Hulle het grootgeword in 'n Afrikaanse omgewing (Prieska).
 - Hulle het Afrikaans gepraat, want dit was vir hulle lekker.
 - Hulle het gesukkel om Xhosa te praat.
(Enige EEN) (1)
- 8.9.1 Onwaar. (1)
- 8.9.2 Poppie het (ma Lena se) kinders opgepas. (1)
- 8.10.1 E Plank (1)
- 8.10.2 D Mosie (1)
- 8.10.3 B Hoedjie (1)
- 8.10.4 C Jakkie (1)
- 8.11
- A
 - A skoonmaker
 - skoonmaker (1)
- 8.12 Ja.
Poppie het kinderdinge gedoen soos byvoorbeeld gom uit die boom gehaal.
Poppie-hulle het hout op hulle koppe gedra.
Poppie-hulle het die dronk oom geterg.
OF
Nee.
Poppie het sonder 'n pa grootgeword.
Sy moes op negejarige ouderdom uit die skool gaan.
Sy moes op dertienjarige ouderdom begin werk.
Sy moes op sestienjarige ouderdom trou.
(Enige TWEE of soortgelyk. MOTIVERING verdien die punt.) (2)
- 8.13
- C
 - C hulle agtergekom het dat Stone en Poppie mekaar liefgehad het.
 - hulle agtergekom het dat Stone en Poppie mekaar liefgehad het.
(Enige EEN) (1)
- 8.14.1 Onwaar (1)
- 8.14.2 Sy het hom tata-ka-Bonsile/Bonsile se pa genoem./Sy mag hom nie op die naam genoem het nie. (1)
- 8.15.1 munisipaliteit (1)
- 8.15.2 eenkamerhuis (1)
- 8.15.3 sinkplaat (1)
- 8.15.4 tuintjie (1)

- 8.16 Mdantsane/Oos-Londen (1)
- 8.17
- Na die huwelik het die drama begin ontwikkel.
 - Poppie se moeilikhede het daar begin.
(Enige EEN) (1)
- 8.18
- Sodat Poppie se kinders beter geleenthede/n beter lewe as Poppie kon hê.
 - Hulle het ook die reg gehad om skool te gaan.
(Of soortgelyk) (1)
- 8.19
- Vroue kan onder moeilike omstandighede hulle lewens verbeter.
 - Vrouens kan uitstyg bo hulle omstandighede.
 - Vroue het uithou vermoë.
 - Jy moet rekening hou met 'n vrou, sy is soos 'n rots.
(Of soortgelyk) (1)
- 8.20 Ja.
- Sy het gehoop dat Bonsile se naam "iets het reggekam" waar sal word in hulle lewens.
 - Sy het gehoop dat haar tweede kind sou oorleef.
(Enige EEN. MOTIVERING verdien die punt.) (1)
- [35]

VRAAG 9: OPSTELVRAAG

PALJAS – Chris Barnard

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:

Manuel se aankoms en eerste ontmoeting met Willem op Toorwater

- Die sirkustrein het op Toorwater in plaas van Uniondale aangekom.
- Die McDonalds was geskok om die trein op die stasie te sien.
- Hendrik was geskok en vies oor die aankoms van die sirkustrein op Toorwater, want niemand het hom as stasiemeester laat weet nie.
- Daar was agt trokke met diere.
- Willem het Manuel ontmoet toe Manuel met 'n olifant aan 'n tou in die veld gestap het.
- Manuel het Willem toegelaat om die olifant te lei.
- Willem het eers net die tou gehou, maar Manuel het gewys hoe om die tou te trek sodat die olifant kon volg.

- Willem het die olifant met groter selfvertroue begin lei.
- Op 'n manier het Manuel vir Willem laat deel voel van die sirkus.

Manuel se rol in Willem se lewe

- Die sirkustrein het 'n paar dae later weggegaan, maar Manuel het agtergebly.
- Willem en Manuel het mekaar gereeld in 'n ou, vervalle skuur naby die stasie ontmoet en Willem was baie bly dat Manuel nie weggegaan het nie.
- Manuel en Willem het baie dinge saam gedoen, soos op kafbale gedans, in die veld gehardloop, die konsertina gespeel, hulle soos diere gedra en teen die mure geteken.
- Die nar het "hoendertaal" gepraat en dit was vir Willem so snaaks dat hy vir die eerste keer gelag het.
- Die nar het nie vir Willem anders of vreemd behandel omdat hy nie kon praat nie.
- Die nar in sy helder kleure het vir Willem 'n vriend geword.
- Willem het dit geniet om by die nar te wees en hy het van al die toertjies gehou.
- Die nar het vir Willem gewys hoe om die toertjies te doen.
- Willem het hierdie toertjies aan sy familie gewys. Dit het hulle lekker laat lag.
- Toe Hendrik en Katrien eendag voor Willem gestry het, het Willem weggegaan na Manuel toe.
- Die nar het presies geweet hoe om met Willem te kommunikeer. Manuel het Willem gevra om terug te gaan huis toe, want sy ouers sou bekommerd oor hom wees. Willem wou nie huis toe gaan nie, maar Manuel het hom oortuig om terug te gaan.
- Willem het gehuil, maar Manuel het hom probeer opbeur deur sy gesig te verf en hom raad te gee. Dit het Willem beter laat voel.
- Toe hy Hendrik wou wys waar Manuel was, het Willem vir die eerste keer gepraat. Willem se eerste woord was "Manuel".
- Manuel wou vir Willem beskerm en het toe besluit om kerk toe te gaan om die dominee verkeerd te bewys.
- Die verandering in Willem nadat hy Manuel bevriend het, was duidelik: hy het weer begin praat en geglimlag.
- Op daardie manier het hy ook vreugde aan sy familie gebring.

Die vriendskap wat tussen Manuel en Hendrik ontwikkel het

- Toe Manuel geskiet is, het Hendrik hom huis toe gedra.
- Hendrik het Manuel aanvaar toe Willem gesê het Manuel was sy vriend.
- Manuel kon as gevolg van skok nie praat nie.
- Hendrik het Manuel aangemoedig om weer gesond te word.
- Hendrik het Manuel se sak se handvatsel vasgewerk.
- Hendrik het gesê Manuel het Willem se tong losgeknoop.
- Toe Manuel Hendrik bedank, het Hendrik gesê dat Manuel hulle baie gehelp het, want hy het Willem weer laat praat.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG**PALJAS – Chris Barnard**

- 10.1 Die dominee het gesê dat dit sonde was om jou gesig te verf. (1)
- 10.2 Dis waar hulle die vorige keer die vreemde dinge gesien het. (1)
- 10.3.1 Onwaar (1)
- 10.3.2
- Hendrik het eers van Manuel bewus geword toe hy die dag geskiet is.
 - Hendrik het gevra van watter hanswors hulle gepraat het.
 - Hendrik het vir Willem gevra wie die figuur was wat geskiet is.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.4 Hulle het gesê dat Willem
- kon toor.
 - met die maan gepla was.
 - se tong uitgesny was.
 - met duiwelsdinge besig was.
(Enige TWEE) (2)
- 10.5 die dominee aan hulle kant was. (1)
- 10.6
- D
 - D sy ook stom was en haar tong ook afgesny was
 - sy ook stom was en haar tong ook afgesny was
(Enige EEN) (1)
- 10.7 Jan Mol (1)
- 10.8
- Hy het gesê dat sy naam Manuel was.
 - Willem het gesê dat dit sy maat was.
(TWEE feite) (2)
- 10.9
- Hendrik het vir Manuel in sy arms opgetel/huis toe gedra.
 - Hy het die geweer neergegooi.
(Of soortgelyk) (1)
- 10.10
- Dit was Willem se geheim.
 - Willem was moontlik bang (vir sy ouers se reaksie/dat sy ouers hom sou weggehou het van Manuel af).
(Enige EEN) (1)
- 10.11.1 toor (1)
- 10.11.2 aanvaar (1)
- 10.11.3 luister (1)

- 10.11.4 kommunikeer (1)
- 10.12.1 Onwaar (1)
- 10.12.2
- Manuel het besluit om weer terug te gaan sirkus toe
 - Manuel het na die sirkus begin verlang.
(Enige EEN) (1)
- 10.13
- Die McDonalds het sy wonde versorg.
 - Katrien het sy narrepak reggemaak.
 - Hendrik het die ou leersak se hingsel/handvatsel vasgewerk.
 - Hulle het gesorg dat Manuel met al sy goed op 'n passasierstrein klim.
 - Hulle het vir hom kos gegee.
 - Hulle het vir hom huisvesting gegee.
(Enige DRIE) (3)
- 10.14 Hendrik het gevoel dat Katrien geld gemors het. (1)
- 10.15 Na die (Volstruis)dans toe. (1)
- 10.16.1 D Hendrik (1)
- 10.16.2 C Emma (1)
- 10.16.3 B Sakkie (1)
- 10.16.4 A Willem (1)
- 10.17
- Katrien het dit nie verwag nie (omdat sy en Hendrik verwyder van mekaar was).
 - Hendrik en Katrien het nie eintlik met mekaar gekommunikeer nie.
 - Die verhouding tussen hulle was in hierdie stadium nie goed nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.18
- D
 - D konsertina
 - konsertina
(Enige EEN) (1)
- 10.19
- Hendrik was vriendelik/gasvry.
 - Hendrik het hulle dadelik ingenooi.
(Of soortgelyk) (1)
- 10.20
- As hulle praat, kan hulle 'n oplossing kry.
 - Die gesin se kommunikasieprobleem sal opgelos word.
 - Hulle gaan leer om na mekaar te luister.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.21 Dit simboliseer geleenthere/n wegkomkans/vryheid/aankoms. (1)

- 10.22
- Die verhouding tussen die McDonalds en die dorpsmense was beter/ gesonder.
 - Die verhouding was sleg/het versleg. (Indien die kandidaat dink aan die verhouding DIREK na die eiergooiery. (Of soortgelyk) (1)
- 10.23
- Daar is nou hoop vir die gesin.
 - Die gesin het bo hulle probleme uitgestyg.
 - Dit wys op geluk. (Indien die kandidaat verwys na die konsertina se musiek.)
 - Die paljas het gewerk. (Of soortgelyk) (1)
- TOTAAL AFDELING B: 35**

AFDELING C: KORTVERHALE

STORIEJOERNAAL

VRAAG 11: OPSTELVRAAG

Die storie van Piet se oupa – AH de Vries

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:

Oupa se tagtigste verjaardagpartytjie

- Piet Wessie se oupa was nie 'n gewone bejaarde nie.
- Oupa moes volgens almal in sy familie nog eers "grootword".
- Oupa het sy eie verjaarsdagpartytjie gereël.
- Oupa het die VLV-vroue gehuur om die kos vir die partytjie voor te berei.

Die vrouens in Oupa se lewe

- Oupa het gevoel hy lewe en was nog lank nie dood nie.
- Oupa het by baie vrouens gekuier.
- Oupa het eenkeer tot vroegoggend by 'n sekere weduwee gekuier.
- Oupa het eers 04:30 die volgende oggend teruggekeer.
- Oupa het sy seun van die kuiertjie vertel.
- Oupa het by die weduwee van Calitzdorp in die vrykamer (gastekamer) oornag.
- Dié weduwee was "Oupa se toom", want sy kon hom goed beheer.
- Oupa het 'n bynaam van "ramkat" gekry, omdat hy so woelig was onder die vrouens.
- Die weduwee van wie Oupa so baie gehou het, het gesterf.
- Oupa was baie hartseer oor haar dood.

- 'n Maand later het Oupa by 'n ander weduwee by die ouetehuis begin kuier.
- Oupa het hom goed gedra, maar Woensdae-aande as matrone uit was, dan was dit 'n ander ding.
- Oupa het elke jaar by sy kleindogter, Trudie, gaan kuier.
- Oupa het saam met Trudie se man, Doon, dorp toe gegaan.

Wat die dag gebeur het toe Oupa in die hospitaal beland het

- Oupa het vroeër daardie oggend sleg gevoel en van hoofpyn gekla.
- Trudie het vir Oupa 'n poeiertjie gegee en die hoofpyn was weg.
- Oupa, Trudie en Doon het rekeninge in die dorp gaan betaal.
- Oupa en Doon het sy dop by die kroeg gaan drink.
- Oupa het gebraaide vleis/ allegaartjie ("mixed grills") geëet, wat sy gunstelingkos was.
- Oupa het van sy stoel afgeval, terwyl hy nog aan sy tjoppie geëet het.
- Doon het gedink Oupa was dood.
- Trudie was so geskok gewees, dat sy Oupa nie met noodhulp kon help nie.
- 'n Ander verpleegster het probeer om Oupa by te bring.
- Die verpleegster het 'n ambulans voorgestel.
- Die twee ambulansmanne het Oupa alleen agterin gelaai.
- As gevolg van die slaggate in die pad het die ambulans geskud en Oupa wakker gemaak.
- Die ambulansmanne het die "lyk" regop sien sit toe hulle die ambulans deur oopgemaak het.
- Die een ambulansman het flou geval en die ander een het weggehardloop.
- Oupa het positief gereageer op al die dokter se toetse – Oupa was perdfris en gesond gewees.
- Die dokter het gebel dat Trudie-hulle vir Oupa moes kom afhaal.
- Trudie het die dokter misverstaan en wou Oupa met sy kis gaan haal het.
- Trudie het gedink die dokter bedoel sy moes oupa se "lyk" kom afhaal het.
- Oupa is gesond verklaar en het laatmiddag saam met Trudie-hulle huis toe gegaan.
- Oupa het nog gespot oor die tjoppie wat amper sy dood veroorsaak het.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

STORIEJOERNAAL

VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

Rooi Kombersie – Rachelle Greeff

- | | | |
|------|---|-----|
| 12.1 | <ul style="list-style-type: none"> • 29 jaar • Van die vakansie voor sy universiteit toe is. • Volgens die uittreksel een jaar. • 30 jaar
(Enige EEN) | (1) |
| 12.2 | <ul style="list-style-type: none"> • Lila het die kombersie in 'n spesiale sak gesit. • Lila het dit met mottegif (naftaleen) behandel.
(TWEË feite) | (2) |

- 12.3.1 enkelbed (1)
- 12.3.2 gewigloos (1)
- 12.3.3 tamaties (1)
- 12.3.4 kole (1)
- 12.4 B al die ervarings van haar eerstejaar saamgevat het huis toe. (1)
- 12.5 Lila het in die vlamme/huis ingehardloop✓ om die kombars te gaan haal✓. (TWEË feite) (2)
- 12.6
- 'n Mens voel magteloos/hulpeloos/kwesbaar teen 'n brand.
 - Jy besef die nietigheid van die mens.
(Of soortgelyk) (1)
- 12.7 rooi kombarsie beskadig (1)
- 12.8.1 B Ma (1)
- 12.8.2 D Daniel (1)
- 12.8.3 C Inbreker (1)
- 12.8.4 E Oom Kakie (1)
- 12.9
- C
 - C die bewaring van die natuur vir haar belangrik was.
 - die bewaring van die natuur vir haar belangrik was.
(Enige EEN) (1)
- 12.10.1 Onwaar (1)
- 12.10.2
- Die begin en einde verwys na die hede/Lila as volwasse vrou/Lila in Kaapstad saam met Daniel met terugflitse tussenin.
 - Die gebeure in die kortverhaal wissel tussen die hede en die verlede.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 12.11 Die rowers het
- Lila se mond (met maskeerband) toegeplak.
 - 'n mes teen haar keel gehou.
 - Hulle gedwing om te wys waar die juwele/vuurwapens/kluis/selfone was.
 - hulle (aan die bed se pote) vasgebind.
 - vir Lila die rooi kombarsie gegee.
 - vir Daniel gestamp (dat hy op die bed val).
 - vir Lila seergemaak toe hy die maskeerband afgetrek het.
 - vir Daniel en Lila gedreig dat hulle sou terugkom.
(Enige DRIË) (3)

- 12.12.1 rustig/vreedsaam/gemeensaam/kalm/gelukkig/gemaklik
(Die klem val op die ATMOSFEER.) (1)
- 12.12.2 Dit was vir haar 'n simbool van veiligheid/beskerming/sekuriteit/vertroosting. (1)
- 12.13
- Sy bankkaart
 - (Pin)nommer
 - Die Pajero/sy voertuig/sy motor
(Enige TWEE dinge) (2)
- 12.14.1 Onwaar (1)
- 12.14.2 Lila het gegil/geskree. (1)
- 12.15
- Rewolwer/vuurwapen
 - Mes/meslemme
(Enige EEN) (1)
- 12.16 (vergulde) pen/Die pen wat Lila vir Daniel gegee het. (1)
- 12.17
- Lila wou nooit enige iets doodgemaak het nie, maar aan die einde van die verhaal is haar lewe bedreig ✓✓.
 - Lila het omgee vir haar omgewing, maar die inbrekers het nie omgee vir haar omgewing nie ✓✓.
(Of soortgelyk. Twee punte of nul.) (2)
- 12.18 Ja.
Dit is beter om kalm te bly in so 'n situasie.
Daniel se optrede het hulle lewens op daardie stadium gered.
Dit is beter om vir die rowers te gee wat hulle wil hê.
Daniel het die rowers kalm gehou.
Niemand het seergekry nie.
- OF
- Nee.
Die rowers was amateurs en Daniel kon hulle oorval het.
Daniel kon geskree het en so die rowers weggejaag het.
(Enige EEN of soortgelyk. MOTIVERING verdien die punt.) (1)
- 12.19
- Moet nooit te gerus wees nie.
 - Maak seker jy en jou besittings word teen inbrake beskerm.
 - Hou jou deure gesluit.
 - Moenie rowers teengaan nie.
 - Bly kalm.
 - Maak seker dat jy 'n alarm het.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 12.20
- Misdaad/Inbrake.
 - Onskuldige mense ly onder misdaad.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

[35]**TOTAAL AFDELING C: 35**

AFDELING D: GEDIGTE**VERSJOERNAAL****VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG****Stad in die mis – DJ Opperman**

- 13.1 In 'n stad (½)
- 13.2 “gespanne”/bang/angstig/bedreig/senuweeagtig/onveilig/vreesbevange/
bevrees
(EEN WOORD) (1)
- 13.3.1 Enjambement (1)
- 13.3.2 Leestekens (1)
- 13.4.1 B besoedeling (1)
- 13.4.2 C dakke (1)
- 13.4.3 A verkeersligte (1)
- 13.5 mote (nie “oop” nie)
(EEN WOORD) (1)
- 13.6.1 Onwaar (1)
- 13.6.2 “ek hoor hom knor en in oop mote”
(EEN versreël volledig uitgeskryf.) (1)
- 13.7 waggel
(EEN WOORD) (1)
- 13.8 Alliterasie (1)
- 13.9 knor
hap
(TWEË dinge) (2)
- 13.10 • die dier/monster/ondier
• die stad
(Enige EEN) (1)
- 13.11 Die spreker moet
• weet waar die gevare in die stad skuil.
• die stad leer ken.
• versigtig in die stad wees.
• nooit alleen loop nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 13.12
- A
 - A gevaarlike
 - gevaarlike
(Enige EEN)
- (1)
- 13.13
- Die stad is 'n koue plek.
 - Die stad is 'n vyandige plek.
 - Die stad is 'n onpersoonlike/onnatuurlike plek.
 - Die stad is hard en gevaarlik.
 - Die stad hou verband met die volgende gevoelens/belewenisse:
vrees/angs/spanning/bang/onsekerheid/liefdeloosheid/onheil
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
[17½]

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

Things that go bump in the night – Rosa Keet

- 14.1 geluid(e)/klank/geraas/slag
(EEN WOORD) (½)
- 14.2
- Die klanke/geluide word harder/duideliker.
 - (Hoe minder die spreker wil luister), hoe meer hoor die spreker die geluide.
 - “hoe harder klink die klank”
(Enige EEN)
- (1)
- 14.3 “onbekend(e)”
(EEN WOORD) (1)
- 14.4 Nee.
Die spreker behoort die huis te ken.
Die dinge waarvoor sy/hy skrik is net die spreker se verbeelding.
OF
Ja.
Die spreker hoor allerhande vreemde geluide.
Die spreker sien dinge wat hom/haar bangmaak.
Die spreker kan allerhande geluide identifiseer.
Die spreker is alleen/in die donker (en daarom is hy/sy bang.)
(Enige EEN of soortgelyk. MOTIVERING verdien die punt.) (1)
- 14.5.1 onvermoë (1)
- 14.5.2 vrees (1)
- 14.6 (Na) slaap. (1)
- 14.7 Die (naaldekoker)straatlig. (1)

- 14.8.1 Onwaar (1)
- 14.8.2 “deur skaars bewegende blare” (1)
- 14.9 (Die pyp van die) **stofsuiers** lyk soos ’n **slang** ✓✓. (2)
(Twee punte of nul)
- 14.10 verbeelding (1)
- 14.11.1 C assonansie (1)
- 14.11.2 B alliterasie (1)
- 14.11.3 D metafoor (1)
- 14.12
- B
 - B dood
 - dood
- (Enige EEN) (1)
- 14.13
- Dit verwys na ’n bekende Engelse frase.
 - Die titel dui op ’n Skotse/Engelse (kinder)gebed (wat vreemde bangmaakdinge moes weghou).
 - Dit is ’n intertekstuele verwysing.
- (Enige EEN) (1)
- [17½]**

VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG**Spore op die maan – Koos du Plessis**

- 15.1
- Ek-spreker
 - Eerstepersoonspreker
- (Enige EEN) (½)
- 15.2
- Daar is geen onbesoedelde plek nie.
 - Die plan gaan nie werk nie.
 - Die plan maak nie sin nie.
 - Kan nie ’n antwoord/plan formuleer nie.
 - Dit is te laat.
 - Daar is geen uitkoms nie.
- (Of soortgelyk) (1)
- 15.3
- Die mens/Ons.
 - Die ruimtevaarders.
 - Die lande wat ruimte-reise onderneem.
- (Enige EEN) (1)

- 15.4 • Daar was (alreeds) mense op die maan.
 • Dit dui op besoedeling wat (reeds) versprei het.
 (Enige EEN) (1)
- 15.5 Dit verwys na die neonligte/liggies/ligte van die stad. (1)
- 15.6.1 B alliterasie (1)
- 15.6.2 C metafoor (1)
- 15.6.3 A persoonifikasie
- OF (1)
- B alliterasie
- 15.7.1 Onwaar (1)
- 15.7.2 • “Daar is geen nuwe paaie om te baan;”
 • “Ontvlug is onbegonne”
 (Enige EEN. Die aanhaling kom uit strofe 3.) (1)
- 15.8 “gesloop”
 (EEN WOORD) (1)
- 15.9.1 Rusper(leërs)/Wurm(s) (1)
- 15.9.2 Die mens verwoes/vernietig die natuur.
 (Of soortgelyk) (1)
- 15.10 • C
 • C daar gekyk word of mense op die planeet Venus kan gaan bly.
 • daar gekyk word of mense op die planeet Venus kan gaan bly.
 (Enige EEN) (1)
- 15.11 **GEVOEL:** (1)
 moedeloosheid/wanhopigheid/frustrasie/moeg/teleurstelling/verslae/misnoeë
- REDE:**
- Die spreker besef daar is nie ’n ander uitweg/heenkome nie.
 • Die mens is oral/besoedel oral. (1)
 (Enige EEN of soortgelyk)
- 15.12 liriekvorm (1)
- 15.13 • Ek moet die natuur bewaar.
 • Ek moet respek hê vir die natuur.
 • Ek moet versigtiger wees oor hoe ek in die natuur leef.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)

[17½]

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG**Die hanswors – SJ Pretorius**

- 16.1 (By die) sirkus/sirkustent (½)
- 16.2
- oor sy boggel
 - oor sy kromheid
 - oor sy vergroeide ruggraat
 - sy rug/lyf/liggaam
(Enige EEN)
- (1)
- 16.3 hatig (1)
- 16.4 “vent”
(EEN WOORD kom uit strofe 2.) (1)
- 16.5
- Om rustigheid/afgesonderdheid/gevoel van “veiligheid”/vrede/aanvaarding te soek.
 - Die diere het hom nie verwerp nie.
 - Om van die mense weg te kom.
 - Die hanswors het eensaamheid gaan soek.
 - Om sy pos/brief daar te gaan lees.
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 16.6 Die hanswors se klere was stukkend/verslete/oud/toingrig/gedaan/geskeur. (1)
- 16.7
- Dit het hom getroos/bemoedig/hoop gegee.
 - Dit het sy verlange minder gemaak.
 - Dit het hom van sy pyn laat vergeet.
 - Hy het na aan die skrywer van die brief gevoel.
 - Die brief het van iemand gekom wat omgee het.
 - Die brief was belangrik/spesiaal.
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 16.8
- D
 - D verbaas
 - verbaas
(Enige EEN)
- (1)
- 16.9 “ewige reuk”
(TWEË OPEENVOLGENDE WOORDE) (1)
- 16.10 “dood uittart”
(TWEË OPEENVOLGENDE WOORDE) (1)
- 16.11.1 Waar (1)
- 16.11.2 “dat almal skater van die wonder,”
(Die VERSREËL word volledig aangehaal.) (1)

- 16.12
- Die hanswors het (baie) geld vir die baas gemaak.
 - Die hanswors het nog die mense gelok.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 16.13
- Dit dui tydsverloop aan.
 - Hy het hierdie keer anders op die brief gereageer
 - Dit dui op 'n wending in die gedig.
 - Dit dui op 'n verandering in die toneel/toon/atmosfeer in die gedig.
 - Hy het na sy moeder se sterfbed toe gegaan.
 - Dit suggereer dat die aard van die brief anders was.
 - Dit skep spanning by die leser (oor die inhoud van die brief). (NIE BY DIE NAR NIE)
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 16.14
- Sy trane het hom “blind” gemaak.
 - Hy het gehuil.
(Enige EEN) (1)
- 16.15.1 C kabouter (1)
- 16.15.2 D duivelstreke (1)
- 16.15.3 A aapagtig (1)

[17½]**TOTAAL AFDELING D: 35**
GROOTTOTAAL: 70

RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG

Let op die verskil in die punttoekenning vir inhoud versus struktuur en taal.

KODES EN PUNTETOEKENNING		INHOUD [25] Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.		STRUKTUUR EN TAAL [10] Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.
Kode 7 A 80–100%	Uitmuntend 20 tot 25 punte	In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors. Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie) Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	Uitmuntend 08–10 punte	Samehangende en gestruktureerde opstel. Uitstekende inleiding en slot. Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek.
Kode 6 B 70–79%	Verdiensielik 17½–19½ punte	Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors. Gedetailleerde reaksie. Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks. Baie goeie begrip van genre en teks.	Verdiensielik 7–7½ punte	Opstel is goed gestruktureerd Goeie inleiding en afsluiting. Argumente en gedagtelyk is maklik om te volg. Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel. Goeie aanbieding.
Kode 5 C 60–69%	Beduidend 15–17 punte	Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer. Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp. Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.	Beduidend 6–6½ punte	Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente. Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie) Vloei van argumente kan gevolg word. Taal, toon en styl is grootliks korrek.
Kode 4 D 50–59%	Voldoende 12½–14½ punte	Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie. Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	Voldoende 5–5½ punte	Geringe bewyse van struktuur. Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek. Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas. Paragrawe is meestal korrek.
Kode 3 E 40–49%	Matige 10–12 punte	Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks. Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie.	Matige 4–4½ punte	Beplanning van die struktuur is gebrekkig. Argumente nie logies gerangskik nie. Paragrawe is foutief. Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie.
Kode 2 F 30–39%	Basiese 7½–9½ punte	Houvas op die onderwerp is swak. Reageer herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie. Baie swak houvas op genre en teks.	Basiese 3–3½ punte	Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente. Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol.
Kode 1 F tot H 0–29%	Ontoereikend 0 tot 7 punte	Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg. Swak poging om vraag te beantwoord. Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks. Baie swak houvas op genre en teks.	Ontoereikend 0–2½ punte	Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word. Geen bewyse van logiese beplanning nie. Geen paragrawe en koherensie nie. Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon.